



# KAMMANUUS

Nommer 296

17 Januarie 2011

'n Publikasie van Onsdorp.com

## TOULEIER



## Kom, sit bietjie hand by vir ons YADE-fondsie!

Ek hoop ook daardie nuwejaarsvoorwendsels is nou al iets van die verlede en dat jy darem op jou voete geland het ná die wegspring en struikel met daardie onderneeming om gewig te verloor of op te hou rook of wat ook al ons elke jaar probeer verbeter aan ons selwers.

Ek dink nou sommer aan die oordadige gegee van geskenke. Dink julle nie ook ons ruk deesdae bietjie die dam onder die eend uit nie? 'n Mens verloor later heeltemal perspektief oor waarom dit eintlik gaan.

Dis nou goed en wel om vir die kindertjies ietsie onder die Kersboom te sit maar ek en Kamermaatjie het so mettertyd begin om liever onvoorspelbaar te gee. So deur die jaar, sonder spesifieke datums, sommer wanneer jy wil en kan, of as jy iets raakloop wat jy weet maatjie sal geniet.

Wat my by blomme bring. So een of twee keer in jou lewe kan en moet jy seker probeer jammer sê met blomme.

Vat dit van my, as jy jou aandeel gelykmatig en stelselmatig wil laat styg by mammië en ook sommer reserwes vergifnis wil opbou, bring onverwags en gereeld blomme huis toe. Sommer net.

Die eerste paar keer gaan jy goed onder verdenking staan en 'n hele paar kruisverhore moet deurwerk. Watter gruweldade het jy nou weer aangevang? Watter visvangtrippie jy beplan jy? Byt vas, hou uit en glimlag dapper. Dis lekker om te weet jou gewete is relatief skoon.

Jy sal jou verbaas met die langtermyn resultate. Op 'n dag sal sy sommer skielik uit haar eie aanbod dat jy kan gaan gholf speel eerder as om saam te gaan kuier by haar ma. Indien jy wil beplan en begroot vir hierdie waardevolle belegging, blomme hou ongeveer 'n week. Die liefde wat dit kweek, baie baie langer.

En van gee gepraat, soos julle weet het ons reeds R3000 geskenk aan YADE, die organisasie daar in Bloemfontein en soos ons verneem het die 100 of so bejaardes wat nog onlangs haweloos was, 'n wonderlike Kersete gehad en selfs geskenke ontvang. Corrie het geskryf dat 'n ander inwoner van Bloemfontein vir haar 60ste verjaarsdag oor die R11,000 ingesamel het om vir die klompie 'n besondere Kersfees te reël.

*So Maak Mens* se Retha Kruger gaan later die maand Bloemfontein toe om eerstehands te gaan verneem hoe sake verloop het en sal dan aan ons terug rapporteer.

Reeds het lesers vanaf sover as Namibië begin bydra aan ons eie fonds en staan hy tans op R3596-40.

Dankie aan almal van julle wat dadelik tot aksie oorgegaan het. Indien jy anoniem wil bly is dit goed so, maar ons sal dit waardeer as ons kan weet wie die hart en die beursie oopmaak.

Dis met deernis dat ek sien een van ons eerste bydraers 'n afgetredene is wat dit self nie breed het nie. Dis 'n wonderlike gebaar, my ou maat daar in Pretoria. Ons ken mekaar nou al so lank, al het ons nog nooit ontmoet nie.

Weer eens my pleidooi dat mense liever 'n klein bedraggie maandeliks gee, eerder as 'n eenmalige som. Al gee net 10 mense elke maand R10, sal dit beteken daar is ELKE maand R100 wat ons kan aangee vir ons doelwit om haweloses 'n dak oor hul koppe te kan gee of ietsie om te eet.

Vir jou en vir my klink dit min, maar vir die een wat die stukkie brood kry, maak dit 'n wêreld se verskil.

**Die bankbesonderhede:**

HJ Greeff, ENB – Stilfontein, Spaarrekening: 60379199926 -Takkode: 240538

**Hennie en Annabelle Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**



# Kampvuurstories

## VREEMDE WETTE

**Wêreldwyd het 'n paar vreemde wette op die wetboek gebly.**

In MISSOURI het 'n man 'n permit nodig om te skeer.

In VIRGINIA moet hoenders hul eiers tussen 08:00 en 16:00 lê.

In KENTUCKY mag jy jou grasperk enige kleur behalwe rooi verf.

In BRITTANJE mag 'n swanger vrou enige plek urineer - op versoek ook in 'n polisieman se hoed.

## STRUIKROWERS

Daar is die ou storie van die oom en tannie wat daar in die begin van die vorige eeu deur struikrowers van hul wa en perde beroof is toe hulle van die dorp af kom.

Toe die rowers daar wegjaag met die wa, haal die tannie die oom se beursie uit haar mond waar sy hom mooitjies versteek het.

Pleks van bly wees, skud die oom sy kop weemoedig en sê toe mooitjies:

"Ai, ou vrou, as jy vroeër dié plan gekry het, kon ons nog die wa en perde ook gered het."

Groot fout! Die oom se grafsteen staan blykbaar ná al die jare nog net daar op dieselfde plek in die driffie.

## Tussen stasies

Die seuntjie speel in die sitkamer met sy treinstel. Sy ma is in die kombuis doenig. Sy hoor die klein seuntjie:

"Toet-tooeet, stasie nommer 56, almal wat wil aff\*k, f\*kaf en almal wat wil opf\*k, f\*kop."

Sy ma kry amper 'n hartaanval, maar besluit sy los hom. So rukkie later hoor sy hom weer:

"Toet-tooeet, stasie nommer 101, Almal wat wil afdonner, donner af en almal wat wil opdonner, donner op."

Sy gryp hom, slaat sy gat aan die brand en stuur hom kamer toe. Sy sê hy kan uitkom as hy jammer is.

So rukkie later kom hy snikkend uit sy kamer en gaan speel verder.

"Toet-tooeet, stasie nommer 34. Almal wat wil afklim, klim af en almal wat wil opklim, klim op.

"En dié van julle wat wil weet hoekom is die trein laat, loop en vra die teef in die kombuis!"

## Net in Suid-Afrika!



## Tekens van ouderdom

Jy weet jy begin ouer word wanneer alles begin om droog te word of te lek.

Kyk na die positiewe: Is jy nie ook bly dat plooië nie pyn nie?

Hoe ouer ons word, hoe minder goed is daar om voor tou te staan.



## Bill Clinton: Die ideale swart president

Hierdie swart komediant het op Kanadese TV vertel hoekom hy die voormalige Amerikaanse president mis.

Hy sê dis die naaste wat dié land nog aan 'n ware swart man as president gekom het:

1. Hy het die saksofoon gespeel.
2. Hy het dagga gerook.
3. Hy het 'n manier met lelike wit vroue gehad.

"Selfs nou nog. Kyk na hom: Sy vrou werk, nie hy nie!"

"En hy kry elke maand sy tjek van die regering.

"En daar is aangekondig dat Clinton Sop een van die dae in die winkels sal wees. Dit bestaan uit hoofsaaklik 'n nat worsie in warm water.

"Die Chrysler korporasie gaan 'n motor ter ere van Bill Clinton bemark - die Doge Drafter.

"Clinton se aangepaste eed van getrouheid lui:

'Ek sweer ek sal die waarheid vertel soos ek dit ken, die volle waarheid soos ek dit sien, en niks meer as wat ek dink jy hoef te weet nie.'

En hierdie stukkie is onvertaalbaar:

"Clinton will be recorded in history as the only President to do Hanky Panky between the Bushes."



# Petronella

## PRAAT PADLANGS

## Baie te lees en te kyk en voor te wag in die nuwe jaar

**Ai, ai, ai, dis 'n nuwe jaar!** Dit reën en die onnies maak die kinders bymekaar... bokkie jy moet huis toe kom!

Ons gaan nou wel nie weer vanjaar sokker op wêreldvlak aanbied nie, maar ons gaan binneverkiesing hou soos nog nooit tevore nie.

Wat 'n wonderlike jaar lê nie vir ons voor nie. Die meeste damme is vol water, die minister van onderwys het seker gemaak dat daar bitter min matriekdruipelinge is en almal wat oor is gaan by die Universiteit van Johannesburg inskryf, want oom Zuma het gesê daar is gratis onderwys vir almal.

Of het hy so gesê, maar eintlik iets anders bedoel? 'n Mens weet nou ook nie meer lekker wat die man deesdae bedoel nie. Met so baie bedmaters om tevrede te hou is dit ook maar moeilik.

**Desember was** 'n heerlike nat maand. Dit het gereën. Die son het geskyn, ons het min van die politieke gekkery gehoor en petrol was redelik bekostigbaar.

Daar is lekker ge-vakansie by die see en Kaapstad het weer gewys waarom hy 'n stad van 'n ander kleur is (daarmee wil ek nou regtig nie hê mense moet my verkeerd verstaan of hulle eie afleidings maak nie).

Dit het arme Annelie Botes van 'n welverdiende prys ontnem, ten spyte van die feit dat haar boek *Thula-thula* eintlik 'n fantastiese teenbeeld bewys van dit waarvan sy beskuldig is. (Gaan lees maar self.)

**Nog iets anders** wat julle moet lees, is Deon Opperman se *Spoor*. Ongelooflik! En natuurlik, teen die tyd wat hierdie *Kammanuus* op die kuber-web is, is die *Huisgenoot* op die straat met Bobby en Kurt vol in die blom op die voorblad.

Jip, my dogter het *Liefeling* nou al 4 maal gesien en glo my, dis nie oor die mooi tonele van Switserland wat daarin is nie.

Ek self het *Hannah Hoekom* veel meer geniet. En dan is daar natuurlik die smartvrate wat dink *Susanna* was veel beter. Besluit maar self, ek is net dankbaar vir soveel vermaak wat in Afrikaans beskikbaar is.

**Selwers sit ek** nou en wag om te sien wat Winnie se gejaag op die snelweg in die komende weke gaan oplewer.

Gaan sy ook, soos die Vrystaatse uitvoerende beamppte met 'n groet en 'n glimlag wegstap en die arme wetstoepassers, wat dit durf waag het om haar voor te keer, die spit laat afbyt?

**Persoonlik dink ek** die "reuse wapenopslagplek" wat die polisie aan die Wesrand "ontdek" het, is 'n politieke foefie.

Ons minister van polisie moet darem nou iets begin doen om die kiesers op die vooraand van 'n verkiesing te laat besef dat hy ook werk vir sy geld. Ek wag hoeka nou al maande om te sien wie die huise wat in sulke netjiese rye voor Randfontein gebou staan gaan kry.

Die regering van die dag wag natuurlik net vir die regte tyd om dit gratis aan voornemende kiesers te "skenk". Kan die opposisie tog nie iets daaraan doen nie? Ek begin nou al pleit: Asseblief, mense, gaan stem tog in Mei!

**Jack van der Merwe**, dis nie 'n Jan- of Parrow-grap dié nie, seg ons gaan in Junie vanjaar die Gautrein van Pretoria (dis nou Tshwane vir dié wat nie weet nie) tot by die O.R. Tambo-lughawe ry.

**As julle sien** hoe bou hulle tolhekke op die N1 tussen Jozie en Tshwane sal julle die riel dans. Dit gaan jou binnekort 'n klein fortuintjie uit die sak jaag om met jou motor tussen die twee stede te ry. Wel, soveel soos die petrol nou al kos gaan jou in alle geval 'n arm en 'n been kos.

Meeste van ons kan nie bekostig om ver te reis in die maand wat soveel van jou salaris vir skoolgeld, klere en boeke eis nie.

**Gaan loer gerus** vir indrukwekkende foto's van luisteraars van RSG op die RSG webbladsy van die Vaal en die Oranje in vloed. Mag dit 'n geseënde jaar wees!!!!



## Uit die wakis

### Niemand glo mos bejaardes nie



Die bejaarde egpaar het hul 60ste huweliksherenking gevier. Hulle was reeds in hul kinderjare nooi en kêrel en het teruggetrek na die dorp waar hulle grootgeword het.

Hulle het handjies gehou en na hul ou skool teruggeloop. Die skool was oop, en hulle het ingestap en die bank gevind wat hulle gedeel het, en waarop Jan "Ek is lief vir Annie" uitgesny het.

Op pad terug het 'n sak vol geld uit 'n geldwa geval. Annie het dit opgetel en huis toe geneem.

Toe hulle die geld tel, was dit duisende rand.

"Ons moet dit teruggee," het Jan gesê.

"Nee, ons het dit gekry, dis ons s'n," het Annie teruggekap. Sy het die geld op die solder weggesteek.

Die volgende dag het 'n polisiepatroolie die buurt gefynkam, op soek na die geld.

Die polisieman het aan die deur geklop: "Verskoon tog, maar het julle dalk 'n sak vol geld gesien wat gister uit 'n geldwa geval het?"

Annie het nee gesê. Jan het gesê sy jok: Sy het dit in die solder weggesteek.

Annie: "Moet julle nie aan hom steur nie, hy is besig om seniel te word."

Die polisieman het na Jan gekyk: "Vertel ons die storie van die begin af."

Jan: "Wel, ek en Annie was gister op pad terug van die skool af toe . . ."

Die polisieman het na sy maat gekyk en gesê: "Kom, laat ons loop!"

### Ouma se voorskoot

#### Wie van julle is oud genoeg om ouma se voorskoot te onthou?

Die hoofdoel van die voorskoot was om die rok te beskerm, want sy het nie baie rokke gehad nie.

Dit was ook makliker om voorskote as rokke te was, en voorskote het minder materiaal geveerg.

Maar dit was ook 'n pothouer as jy warm panne uit die oond haal.

Dit was 'n wonderlike ding om kindertjies se traantjies en neusies mee af te droog, en soms ook om oortjies skoon te maak.

Uit die hoenderhok is die voorskoot gebruik om eiers en kuikentjies te dra, en soms eiers wat nog aan die uitbroei was. Hulle is naby die warm stoof gesit.

As dit koud was, het ouma die voorskoot oor haar arms gevou. Dit was ook nuttig om sweet van die voorkop te vee.

As daar kuiergaste gekom het, was die voorskoot 'n lekker wegkruipplek vir 'n skaam kind.

Fynhoutjies is daarmee na die kombuis gedra, en groente en vrugte uit die tuin.

As daar skielik kuiergaste opgedaag het, kon die voorskoot 'n hele klomp meubels in 'n ommesientjie afstof.

Met etenstyd het ouma op die stoep gaan staan en haar voorskoot gewaai sodat die mans in die landerye geweet het dis etenstyd.

Niemand sal gou weer so 'n nuttige en veelsydige kledingstuk uitvind nie.

Nou is daar seker mense wat wonder hoeveel kieme die voorskoot gehad het.

Ek weet nie - al wat ek ooit van die voorskoot gekry het, was liefde.



**KAMMANUUS soek stories in hierdie trant: oor bejaardes, of nostalgiese stories uit ouma en oupa se dae. Kom deel dit met alma!  
Merk dit WAKIS en stuur dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)**



# Giggels

Stuur gerus jou giggels aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)

## GESTEELDE ROK

Die man verskyn in die hof op 'n aanklag van diefstal, en die magistraat vra hom hoekom hy by die winkel ingebreek het.

"U sien, u Edele, ons is baie arm en my vrou het 'n nuwe rok nodig gehad."

"Maar dit sê hier jy het vier keer by dieselfde winkel ingebreek?"

"Ja, u Edele. Maar ek moes die rok mos drie keer gaan omruil."



## SEKRETARESSSES

Wat's die verskil tussen 'n goeie sekretaresse en 'n baie goeie sekretaresse?

'n Goeie sekretaresse sê: "Goeie môre, Meneer!"

'n Baie goeie sekretaresse sê: "Goeiste, Meneer, dis al môre!"

## KRAMPE

Die tante hoor op RSG dit help vir krampe as jy aartappelmoere by jou in die bed sit. 'n Paar dae later vertel sy dit aan een van haar vriendinne.

"Daai raad waarvan jy praat help niks," sê die vriendin. "Ek slaap al 30 jaar lank met 'n ou moer in die bed, en ek kry steeds krampe."

## DIEET

Die kardioloog se dieet: as dit lekker proe spoege dit uit. (Anoniem)

## WAT IS 'N KALORIE?

Dis daai klein bilksempies wat snags in jou klerekas wegkruip en jou klere stywer maak. My klerekas is oortrek van die goed.

## TOPPUNT

Wat is die toppunt van dronk wees?

Wanneer jy oor die dansvloer loop om jou glas te vul, en jy wen die kompetisie vir enkel-dansers.

## BIEGKAS

Die dronk Katoliek sit in die biegekas.

Ná 'n lang ruk klop die priester aan die deur.

"Jy kan maar klop," sê die man. "Hier is ook nie toiletpapier nie."

## BEWERIG

Die man kla by die dokter dat sy hande baie bewerig is.

**Dokter:** "Drink jy baie?"

**Man:** "Nee. Ek mors die meeste daarvan."

## ANDER VERE

Seuntjie: "Waar kom buite egtelike kinders vandaan?"

Ma: "Rondloper voëls!"

## RYK MENSE

Gatiep en Meraai staan wag vir die bus. 'n Lorrie kom verby, gelaai met rolle gras.

**Meraai:** "Sien dji – dis hoe ryk mense leef!"

**Gatiep:** "Hoe?"

**Meraai:** "Hulle stuur hulle *lawn* weg om gesny te word!"

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker





# Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur **RETHA KRUGER**

## Zoete Koekies uit 1895

Besoek gerus Retha se werf op  
<http://www.onsdorp.com/somaakmens/>

Uit my ARGIEFSKATKIS, vol van TOEKA se RESEPTE...

Ek plaas die ou skatte, met daarnaas die verwerking, sover moontlik die Metrieke vir die Imperiale...

Kom ons vier hierdie gunsteling en hou dit deel van ons erfenis!

### Zoete Koekies (1895)

4	lb meelblom	16 k	1824 g (gesif)	meelblom
3	lb bruin suiker	6 k	1500 g	suiker
1	lb botter	2 k	474 ml / 474 g	botter
½	lb skaapstertvet	1 k	237 ml / 227 g	Bakvet
1	lb fyn amandels	3 ½ k	500 g	
4	Eiers			
1	Desertlepel koeksoda of potas		12.5 ml	
1	Desertlepel fyn naeltjies			
2	Desertlepels kaneel			
1	Klein glasier Claret wyn	¼ k	60 ml	of Port
	Vryf die meel, suiker, speserye, koeksoda en botter bymekaar. Voeg laaste die wyn by. Knie nou alles goed deur. Rol die deeg nou dun uit, druk in sirkeltjies uit met 'n kleinerige glas of koekiedrukker. Pak op gesmeerde panne, en bak vir 20 minute in 'n taamlike warm oond.			

### KORSIES en KRUMMELTJIES:

- \* As potas gebruik word, moet dit die vorige aand in die wyn opgelos word.
- \* 'n Klein stukkie versuikerde lemoenskil i.p.v. die gewone kersies is die tradisionele manier!
- \* Die botter en bakvet kan saam vervang word met 3 k botter of Holsumvet of margarien.
- \* Die skaapvet kan vervang word met 1 k kookolie + ½ t sout
- \* 1 pd bruinsuiker = 2 ½ k styfgepakte bruinsuiker = 7 ½ k, maar jy kan wegkom met net 6 k!
- \* 1 en 1/3 k bruinsuiker = 1 k witsuiker.
- \* 1 k meelblom = 237 ml = 114 g = ¼ pd (1 pd = 450 g)
- \* 1 pd / k suiker in vergelyking met meel of vet, WEEG NIE DIESELFDE in g nie- dit het als met digtheid te make.
- \* 'n standaard k was 237 ml en nie vandag se aanvaarde 250 ml nie! (...wat's 13 ml tussen vrinne nou!)
- \* By [http://www.onsdorp.com/somaakmens/nuttige\\_info.html](http://www.onsdorp.com/somaakmens/nuttige_info.html) kan jy nuttige omskakelingstabelle en meer aflaai.

**Jou bydrae kan van onskatbare waarde wees, stuur jou oudste resepte met die datum - om en by - en vanwaar of van wie jy dit bekom het, aan my: [rethajm@gmail.com](mailto:rethajm@gmail.com)**

Voila!

# STAMBOOM

## Waar pas jy in?

Gaan gerus na **Onsdorp** [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom)

Jy sal die wagwoord **boomstam** moet gebruik om toegang te verkry.

**BORNMAN** [albertje@voxkom.com](mailto:albertje@voxkom.com)

Ek is 'n direkte afstammeling van die Bormman wat in 1782 uit Obereisenheim, Duitsland, na Suid-Afrika, in 1782, geïmmigreer het. Indien u verdere inligting oor my sewe voorgeslagte verlang, kontak my asseblief.

**GROBLER** [break.away.asphalters@live.com](mailto:break.away.asphalters@live.com)

My oupa was Christiaan Hendrik Groble,r gebore 26.01.1883 in Rustenburg. My ouma Elsie Grobler, gebore 28.01.1889 in die Rustenburg-distrik. My pa was Willem Frederik Grobler, gebore 17.04.1914. Enigeen is welkom om my te kontak.

**POTGIETER** [sharonsqp@yahoo.com](mailto:sharonsqp@yahoo.com)

My oupa Jacobus Ernst Potgieter geb.10.9.1876 en my ouma Maria Margaretha Potgieter (geb.Potgieter) 31.12.1880 kry 3 seuns: Pieter Christiaan Frederick Potgieter (my pa) op 7.11.1902, sy broer Jacobus Ernest op 5.11.1907 en nog 'n broer, Salmon Potgieterp. Hulle woon destyds op die plaas Goudmyn, Robertson. Daarna sterf oupa en ouma trou met 'n Smit(of Smith) Hulle kry die seun Klaas uit die huwelik. Kan julle my groot asseblief help om Salmon en Klaas of heel waarskynlik die nageslagte op te spoor.

**ROETS** [rynorroets@hotmail.co.uk](mailto:rynorroets@hotmail.co.uk)

My oupa se naam was Johan Hendrik Roets en sy pa se naam was Willem Georg Roets. My oupa is oorlede in 1971. Ek sukkel om verder terug te gaan in die familie se stam in aangesien hy so vroeg oorlede is. Indien enige iemand inligting het, skakel my gerus op 076 026 2101.

**SWART** [nswart@xstratacoal.co.za](mailto:nswart@xstratacoal.co.za)

My oupa Nicolaas Jacobus Swart gebore 06/12/1903 in die Witbank/Middelburg area, soek meer inligting is besig met 'n stamboom. Ek is Nicolaas Jacobus gebore 20/06/1960 my oorlede Vader is gebore 11/07/1933. Iemand wat inligting het kontak my asb. Ek weet van my Pa se broers en susters is Oom Casper, Tant Pop, Tant Martha, Oom Hans, Oom Thys - net 'n paar van hulle name.

### MAXINE



Ek haat seks in fliks. Een keer probeer. Die stoel het opgeslaan en my drankie het gestort. En daai ys, wel dit het die hele stemming bederf.

**Antwoorde uit die dae toe Hollywood Squares deur Peter Marshall aangebied en die antwoorde nog spontaan was:**

**V:** Jy sukkel om te slaap. Is jy meer waarskynlik 'n man of 'n vrou?

**Don Knotts:** Dis mos die ding wat my laat wakker lê.

**V:** Jy ontmoet 'n aantreklike man op 'n partytjie. Is dit in orde om hom te vra of hy getroud is?

**Rose Marie:** Nee, dit kan wag tot die volgende oggend.

**V:** Hoekom dra die Hell's Angels leer?

**Paul Lynde:** Omdat chiffon so maklik kreukel.

### KULULA

Die lugdiens met humor

"Maak asseblief seker dat jy al jou besittings verwyder as jy die vliegtuig verlaat. Alles wat agterbly sal deur die bemanning verdeel word. Moet asseblief nie eggenotes of kinders agterlaat nie."

"Jou sitplekkussing kan dryf. In geval van 'n noodlanding ter see, moet jy asseblief land toe roei. Hou die kussing met ons beste wense."

Ná 'n baie harde landing:  
"Dames en here, bly asseblief sit terwyl Kaptein Kangaroo ons na die terminaal wip."

"Dames en here, let daarop dat die rookafdeling op die vliegtuig se vlerke is. As jy hulle daar kan opsteek, mag jy hulle rook."

Die verwagte weer in Kaapstad is 30 °C met los wolke. Ons sal probeer om hulle vas te maak. En onthou, niemand hou meer van jou of jou geld as Kulula Lugdiens nie."



# POSKOETS

## Kammanuus se lesers aan die woord

**In die vorige Kammanuus het 'n leser gekla oor die gehalte – eintlik die gebrek aan gehalte - van Kammanuus se grappies. 'n Paar lesers het gereageer:**

### Ek hou van kommin grappies

**Hannah Wentzel, Kempton Park:**

Praat maar bitter min met jou hier, hoop jy't 'n lekka krismis en Festive gehad, en ek glo ook jy het weer alle reëls oortree wat daai "dieet" aangaan.. hmmm.. maar ek kan net in alle eerlikheid se, dankie vir nog 'n lekker warm Kammanuus aflewering van laaaaas jaar 2010..

sjoe dit klink al so lank terug...maar dit is en klink altyd vars uit die oond,dit is altyd welkom en lekker om te lees.. Ja en die "Kommen-Giggels " ook!!! hetsy dit nou grof of skoon is LoL! (( lag )) :O) thanks vir al daai humorsin ! en Nee jy haal dit nie af nie! as die "De Santos Auntie van Kanada" dan nie daarvan hou nie en dink dit is Kommin" moet sy maar 'n ander website gaan soek waar sy meer skoon-vuil grappies kan kry. Hennie jy kry bitter min sulke negatiewe terugvoering van jou Nuusbrief-lesers, moet tog nou nie al die lekker uithaal uit jou koerantjie net omdat daar sulke suurknolle is en dit nogal in Kanada waar almal vrek van die koue die tyd van jaar.. Eish ! my auntie 'n lekker laggie kan jou dalk net warm maak my POP .. :O)

Hou so aan Hennie die res van die lede glo ek lees dit en hou verby die wat hulle nie laaik nie en spoil nie die fun nie..

**Hiermee volg 'n "skoon-vuil-Giggel" grappie... en die Gode behoed jou Hennerik as jy hom nie in die volgende nuusbrief plaas nie !!**

Van der Merwe gaan strand toe op 'n heerlike sonskyn dag. Daar aangekom sien hy 'n baie mooi meisie wat lê en sonbrand. Hy gooi sy handoek langs haar oop en besluit om eers te gaan lyfnatmaak voor hy ook bietjie gaan sonbrand.

Die see was bietjie rof en toe die tweede brander hom onderstebo dompel verloor hy sy swembroek. Hy dobber vir ongeveer 15min in die water rond toe daar 'n paar jongseuns ook kom lyfnatmaak. Hy vra toe of hulle nie vir hom 'n handoek of ietsie kan bring om hom toe te maak sodat hy Uit die see kan klim nie. Een van die jong seuns bring toe vir hom 'n emmertjie wat op die strand gelê het.

Hy sit toe die emmertjie voor waar dit saakmaak en gaan om sy handoek te kry om 'n ander baibroek te gaan haal.

By sy handoek gekom, loer die meisie vir hom en Van dink dat dit nou of nooit is. Hy weet as hy nie nou met haar gaan praat nie, sal hy nooit weer die kans kry nie. Hy haak toe af en vra haar: "Ek wed jou jy weet nie wat ek nou dink nie", waarop die meisie antwoord: "Ek wed jou jy dink jou emmertjie het 'n bodem!".

Ek hoop dit is leesbaar genoeg vir die auntie in Kanada ... :O) hee hee .. LoL !!!

### Los Giggels net so

**Denise Smith, Goodwood, Kaap:**

Ag nee wat los Giggels net soos dit is. Almal se smake verskil natuurlik. Daar is miskien so hier en daar 'n artikel wat ek nie lees nie, maar kla beslis nie oor die inhoud van elke kammanuus nie. Maak soos my skoonus gemaak het toe sy klein was. Sy het gelees en as sy by 'n woord kom wat sy nie kan baasraak nie, het sy net eenvoudig gesê: grootwoord gaan verby.

### Ons geniet stoute grappies

**Johan Mostert, Wildernis:**

Ja giggels is miskien kommen as jy in Kanada tussen engelse en frans sprekenders bly maar ons hier geniet die stoute grappies want dit hou ons hier aan die gang. Buitendien is Kammanuus vir ons almal en as jy dit nie "laaik" nie hou op lees.

**[Nou ja, ons sal maar aanhou om so bietjie sensor te speel en die streep êrens te trek. As hy dan te laag is vir sommige lesers, vra ons by voorbaat verskoning. – Hennie.]**



# AGTEROS

## Pa pak die kar, want dis vakansie

Deur DANA SNYMAN

Daardie blou tassie is ma se f-tassie, want elke keer as pa dit in die kar moet laai, sê hy:  
"Is dit al wéér hierdie f.... tassie?"

Dink ek aan 'n Desembervakansie, dink ek nie eerste aan die see of Goudini se warmswembad of Skukuza se olifante nie.

Ek dink aan 'n kar wat gepak moet word.

Dit begin mos die aand voor die vertrek. Ma sal drie koekblikke op die kombuistafel neersit, en dan sal pa effens beskuldigend vra: "Moet dié ook saamgaan?"

"Natuurlik," sal ma sê. "Dis ons beskuit. Hoekom gaan haal jy nie solank die koelboks en die res van die goed in die buitekamer nie?" Die res van die goed... die sambreel, Kersboom en tennisrakette.

Pa sal dit gaan kry en sommer 'n visstok ook saambring – daardie oue met die Penn 49-katrol aan. "En dít?" sal ma vra. "Jy't jare laas visgevang."

"Ek wil weer begin," sal pa sê en al die goed in die portaal by die voordeur gaan neersit.

Dan sal jy jou Mecano-stel, 'n frisbee en twee handgewigte bring, terwyl ma verdere bevale uitdeel: Bring die borduurraam, bring die boks met die Xhosa-kursus in en die Mills & Boon-boekies en die Scrabble-stel. O, en moenie die puzzle vergeet nie – daardie duisend stukkie wat 'n land vol tulpe en windmeul in Holland moet wees wanneer dit klaar is.

'n Kersvakansie is mos die geleentheid om in te haal op jare se afgeskepte talente en verlore gesinstyd – nie dat dit altyd moontlik is nie, want daardie legkaart was al op drie vakansies en die Hollandse tulpland is nog steeds in duisend stukke, en Greer Stephens het nog in die SA Ope met 'n kniestut aan gespeel die laaste keer toe 'n tennisbal met een van daardie ou houtrakette geslaan is.

Later staan die portaal vol goed wat moet saamgaan: 'n noodhulpkissie, 'n draradio, 'n plastiekkan om vir ou Lizzie, wat in die kombuis werk, seewater terug te bring.

Vroeg die volgende oggend begin jy en pa als uitdra kar toe. "Waar dink jou ma moet als ingaan?" sal pa brom, maar hy sal nie vir ma iets sê nie – nog nie. Hy sal net so rooierig raak wanneer sy roep: "Engel, kom help gou! Ek kry nie die koffer toe nie!"

Pa sal daardie tamaai koffer in die bagasiebak lig en ander goed daar rondom begin inpas, asof dit 'n ingewikkelde meetkundeprobleem is. Ná 'n lang gesukkel sal hy die bagasiebak se klap met moeite toekry. Dan kom sit ma die mandjie met haar haardroër en krullers by die deur neer, saam met so 'n ovalerige blou tassie.

Daardie blou tassie is ma se f-tassie, want elke keer as pa dit in die kar moet laai, sê hy: "Is dit al wéér hierdie f... tassie?"

"Moenie so voor die kind praat nie," sal ma sê.

Wanneer julle by die hek uitry, sal hy en ma dikmond voor hulle uitstaar. Jy sal op die agtersitplek sit, langs 'n hoop verekussings met jou voete op 'n koekblik. Die legkaart en Scrabble in die agtervenster.

Julle sal al meer as 'n uur weg van die huis af wees, eers dan sal ma weer begin praat. "Ek weet nie hoekom is jy vies nie," sal sy vir pa sê. "Ons het dan als in die kar gekry wat moet saamgaan."

♦ *Hierdie vertelling met erkenning aan Van Alle Kante in Die Burger en aan die skrywer.*

**JOU VOLGENDE KAMMANUUS IS OP  
31 JANUARIE 2011**